

22.4 RAPPORT DEPUTATE LITURGIESE SAKE – LIEDBOEKE IN VERSKILLENDE TALE

22.4 REPORT DEPUTIES LITURGICAL MATTERS – HYMNBOOKS IN DIFFERENT LANGUAGES

<p>1. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>1.1 <i>Opdrag: Handeling 2015:409, 2.1</i></p> <p>1.1.1 Om 'n Gereformeerde Kerk liedboek vir die Sothosprekende kerke te publiseer, bestaande uit goedgekeurde liedere van die <i>Lifela tsa Sione</i> en nuwe Sotho Psalms gekomponeer met Afrika musiek, met die doel om die 150 Psalms te voltooi.</p> <p>1.1.2 Om 'n Gereformeerde liedboek vir die Tshivendasprekende kerke te publiseer, bestaande uit goedgekeurde Lutherse liedere en gekomponeerde Gereformeerde liedere asook nuwe Venda Psalms gekomponeer met Afrika musiek, met die doel om die 150 Psalms te voltooi.</p> <p>1.1.3 Om die isiZulusprekende kerke te versoek om betrokke te wees by die publisering van die hersiene uitgawe van die <i>iMbongi</i> as 'n Gereformeerde Kerk liedboek vir die isiZulusprekende kerke.</p> <p>1.1.4 Om alle goedgekeurde liedere op die GKSA webblad te plaas.</p> <p>1.2 <i>IsiXhosa</i></p> <p>1.2.1 Die Psalmboek van die isiXhosa-sprekende kerke bestaan uit die 150 Psalms.</p> <p>1.2.2 Die isiXhosa Deputate is besig om ander Skrifgetroue liedere by hulle Psalmboek te voeg.</p> <p>1.2.3 Die isiXhosa Psalmboek moet die <u>“Incwadi Yeendumiso Nenkqubo-Nkonzo”</u> genoem word en die Kerkorde, Heidelbergse Kategismus, Belydenisskrifte, Liturgiese Formuliere en al die Formuliere moet ingesluit word.</p> <p>1.2.4 Die isiXhosa-sprekende kerke se behoefte is dat die Administratiewe Buro omtrent 500 liedboeke druk met omslag wat lank kan hou.</p> <p>1.2.5 Daar is 'n behoefte vir 'n toepassing vir fone vir die jong geslag.</p> <p>1.3 <i>IsiZulu</i></p> <p>1.3.1 Die isiZulusprekende kerke gebruik die <i>iMbongi</i> as liedboek.</p> <p>1.3.2 Aangesien die Formuliere nie in die</p>	<p>1. Matters that the Synod take note of</p> <p>1.1 <i>Mandate Acts 2015:409, 2.1</i></p> <p>1.1.1 A Reformed Church hymnal is to be published for Sotho-speaking churches, consisting of approved hymns from the <i>Lifela tsa Sione</i> and new Sotho Psalms, set to African melodies, with the aim of completing the 150 Psalms.</p> <p>1.1.2 A Reformed Church hymnal is to be published for the Tshivenda-speaking churches, consisting of approved Lutheran hymns and some composed Reformed hymns as well as new Venda Psalms, set to African melodies, with the aim of completing the 150 Psalms.</p> <p>1.1.3 The aid of the isiZulu-speaking churches are to be requested for publishing a revised edition of the <i>iMbongi</i>, as a Reformed Church hymnal, for the isiZulu-speaking churches.</p> <p>1.1.4 All approved hymns are to be placed on the GKSA website.</p> <p>1.2 <i>IsiXhosa</i></p> <p>1.2.1 The Psalm-book of the isiXhosa-speaking churches contains the 150 Psalms.</p> <p>1.2.2 The isiXhosa Deputies are adding the last of the Scriptural songs to their Psalm-book of hymns.</p> <p>1.2.3 The isiXhosa Psalm-book must be called <u>“Incwadi Yeendumiso Nenkqubo-Nkonzo”</u> and include the Church Order, Heidelberg Catechism, Creeds, Liturgy and all Formularies.</p> <p>1.2.4 The isiXhosa-speaking churches will need the Administrative Bureau to print a first run of approximately 500 hymnals bound with a durable cover.</p> <p>1.2.5 There is a need for an app for phones for the young generation.</p> <p>1.3 <i>IsiZulu</i></p> <p>1.3.1 The isiZulu-speaking churches use the <i>iMbongi</i> as songbook.</p> <p>1.3.2 Since the Formularies were not included</p>
--	---

<p>2de uitgawe ingesluit is nie, het die isiZulusprekende kerke besluit om 'n 3de uitgawe met die Formuliere te publiseer.</p> <p>1.3.3 Die predikante en 'n paar ouderlinge het die opdrag gekry om hierdie 3de (hersiene) uitgawe te doen. Hulle is steeds besig met die projek.</p> <p>1.4 <i>Sesotho</i></p> <p>1.4.1 Daar is baie liedere beskikbaar vir die Sesothosprekende kerke om te gebruik soos die liedere in die <i>Lifela tsa Sione</i> en die <i>Dipesaleme</i> (Psalms in Sesotho).</p> <p>1.4.2 Die meeste van die Sesothosprekende kerke gebruik die <i>Lifela tsa Sione</i>.</p> <p>1.4.3 Een van die hoofredes waarom die Sesothosprekende kerke nie Psalms sing nie, is dat die Psalms wat in Sesotho vertaal is, van melodieë voorsien is wat nie inpas by die Afrika musiek idioom nie.</p> <p>1.4.4 Daar is al werk gedoen om die Psalms van ander melodieë te voorsien.</p> <p>1.4.5 Tydens 'n vergadering wat in 2015 in Tembisa gehou is, was daar konsensus dat weë gevind moet word om die lidmate gewoon te maak aan die Psalms en die kerke aan te moedig om die Psalms te sing. Beplanning is gedoen oor hoe om die gebruik van die Psalms te bevorder. Hierdie saak sal dringend verdere aandag moet kry.</p> <p>1.4.6 Dit mag dalk nie nodig wees om 'n nuwe boek saam te stel nie. Wat nodig is, is 'n samestelling uit die Psalms en die <i>Lifela tsa Sione</i> liedere.</p> <p>1.4.7 Daar is 'n behoefte vir die rubrisering van die Psalms. Daar is veral 'n behoefte aan 'n lys van watter Psalms by watter dele van die erediens oorweeg kan word. Die <i>Lifela tsa Sione</i> liedere is reeds in rubrieke ingedeel.</p> <p>1.4.8 Daar is 'n behoefte dat by die <i>Lifela tsa Sione</i> liedere aangetoon word waar dit uit die Skrif kom.</p> <p>1.4.9 Wat die Skriftuurlikheid van die <i>Lifela tsa Sione</i> liedere betref: Indien iemand enige iets in 'n lied vind wat nie Skriftuurlik suiwer lyk nie, moet die advies van ander ingewin word,</p>	<p>in the 2nd edition, the isiZulu-speaking churches decided to publish a 3rd edition with the Formularies.</p> <p>1.3.3 The ministers and a few elders were tasked to do this 3rd (revised) edition and are still busy with this project.</p> <p>1.4 <i>Sesotho</i></p> <p>1.4.1 The Sesotho-speaking churches have a range of song available, such as <i>Lifela tsa Sione</i> and the <i>Dipesaleme</i> (Psalms in Sesotho) collections.</p> <p>1.4.2 Most of the Sesotho-speaking churches use the <i>Lifela tsa Sione</i>.</p> <p>1.4.3 One of the main reasons the Sesotho-speaking churches do not sing the Psalms is that the Psalms that were translated into Sesotho were set to melodies that do not fit the African musical idiom.</p> <p>1.4.4 An effort has been made to provide the Psalms with other melodies.</p> <p>1.4.5 During a meeting held in Tembisa in 2015, it was agreed that the Psalms must be introduced to church members and made familiar with the Psalms that the churches may be encouraged to sing them. Some planning has been done to enhance the use of Psalms.</p> <p>1.4.6 It may possibly not be necessary to compile a new book, but to include the Psalms into the <i>Lifela tsa Sione</i>.</p> <p>1.4.7 The Psalms need to be classified into categories of relevance, perhaps a list indicating the Psalms fit each part of the worship service, as is the case with the <i>Lifela tsa Sione</i>.</p> <p>1.4.8 The Scripture text of each <i>Lifela tsa Sione</i> song needs to be included.</p> <p>1.4.9 Should a member deem any song in the <i>Lifela tsa Sione</i> scripturally unsound, insight should be sought from other members on their interpretation. If doubt remains, then the issue must be raised</p>
--	---

<p>en indien die persoon daarna steeds voel dat die lied nie Skriftuurlik suiwer is nie, moet daar met 'n Beswaarskrif na die Sinode toe gekom word.</p> <p>1.4.10 Die <i>Lifela tsa Sione</i> liedere is meer as 50 jaar oud met die gevolg dat daar nie meer kopiereg daarop van toepassing is nie.</p> <p>1.4.11 Die <i>Lifela tsa Sione</i> liedere is elektronies beskikbaar, op pdf en 100 is op Powerpoint. Mense sing ook vanaf hulle selfone.</p> <p>1.4.12 Daar is 'n boek met die Liturgiese Formuliere in Sesotho.</p> <p>1.4.13 Baie van die inligting oor die Sesotho-sprekende kerke is ook op die Setswana en Sepedi sprekende kerke van toepassing.</p> <p>1.4.14 Die meeste van die kerke se lidmate het verskillende moedertale. Verder bestaan die kerke se bedieningsveld uit gebiede waar soveel verskillende tale gepraat word, sodat Engels die enigste taal is waarin mense mekaar kan verstaan. Dit is veral waar vir die gebiede waar mense uit buurlande soos Zimbabwe en Mosambiek en ander lande woon. Daar ontstaan dus ook 'n behoefte aan Engelse liedere.</p> <p>1.5 <i>Setswana</i></p> <p>1.5.1 Sommige liedere in die <i>Lifela tsa Sione</i> is nie bedoel vir die konteks van die Setswanasprekende mense nie, aangesien dit uitsluitlik vir die konteks van die Sesothosprekende mense bedoel is.</p> <p>1.5.2 Hoewel die <i>Lifela tsa Sione</i> in Sesotho geskryf is, is sommige van die liedere in Setswana ook.</p> <p>1.5.3 Die Psalms is in Setswana vertaal. Net soos in die geval van die Sesothosprekende kerke word die Psalms nie in die Setswanasprekende kerke gesing nie, hoofsaaklik omdat die Psalms wat in Setswana vertaal is, van melodieë voorsien is wat nie inpas by die Afrika musiek idioom nie.</p> <p>1.5.4 Die Setswana Deputate het 'n samestelling gemaak uit die Psalms in Setswana, die <i>Lifela tsa Sione</i>, die <i>Dikopelo</i> (Lutherse boek) en die <i>Serolong</i> (Methodist).</p> <p>1.5.5 Met die samestelling hiervan is na die Skriftuurlikheid van elkeen van die</p>	<p>at the Synod by means of a Petition of protest.</p> <p>1.4.10 The <i>Lifela tsa Sione</i> songs are more than 50 years old and copyright is no longer applicable.</p> <p>1.4.11 The <i>Lifela tsa Sione</i> songs are available electronically on pdf, of which 100 are available on PowerPoint, and people also access the text with their cell phones.</p> <p>1.4.12 There is a book that provides the liturgical forms in Sesotho.</p> <p>1.4.13 Much of the above-mentioned information is also applicable to Setswana- and Sepedi-speaking churches.</p> <p>1.4.14 Most church members speak different languages. A number of churches are located in areas with a range of different languages, making English the best language to ensure understanding. This is especially the case in areas where people from neighbouring countries, like Zimbabwe and Mozambique and other countries, live. This is creating the need for English songs.</p> <p>1.5 <i>Setswana</i></p> <p>1.5.1 Some of the songs in the <i>Lifela tsa Sione</i> are not relevant to the Setswana-speaking population, since they are specifically direct at the Sesotho-speaking context.</p> <p>1.5.2 A number of the <i>Lifela tsa Sione</i> songs have been translated from Sesotho into Setswana.</p> <p>1.5.3 The Psalms have been translated into Setswana, but as is the case with the Sesotho-speaking churches, they are not sung because the melodies provided do not fit into the African musical idiom.</p> <p>1.5.4 The Setswana Deputies combined the Psalms in Setswana, the <i>Lifela tsa Sione</i>, the <i>Dikopelo</i> (Lutheran book) and the <i>Serolong</i> (Methodist) into one compilation.</p> <p>1.5.5 While making the above compilation, they reviewed the Scriptural soundness</p>
--	--

<p>liedere gekyk.</p> <p>1.5.6 Net soos in die geval van die Sesothosprekende kerke het baie van die kerke se lidmate verskillende moedertale. Verder bestaan die kerke se bedieningsveld uit gebiede waar soveel verskillende tale gepraat word, sodat Engels die enigste taal is waarin mense mekaar kan verstaan. Dit is veral waar vir die gebiede waar mense uit buurlande soos Zimbabwe en Mosambiek en ander lande woon. Daar ontstaan dus ook 'n behoefte aan Engelse liedere.</p> <p>1.6 <i>Sepedi</i></p> <p>1.6.1 Die Sepedisprekende kerke se situasie is baie soos die van die Sesothosprekende kerke en Setswanasprekende kerke.</p> <p>1.7 <i>Tshivenda</i></p> <p>1.7.1 Die Tshivenda Deputate het liedere uit die Lutheran Hymnal, Lifela, Hosanna, Depesaleme, ens te neem om een boek saam te stel.</p> <p>1.7.2 Die kopiereg van die Lutheran Hymnal het al verval – ouer as 50 jaar.</p> <p>1.7.3 Met die keuse van liedere is ook (veral) na die Skriftuurlikheid van die liedere gekyk.</p> <p>1.7.4 Voortspruitend uit die werk wat hulle gedoen het, is hulle gereed dat hulle boek gedruk kan word.</p> <p>1.8 <i>Xitsonga</i></p> <p>1.8.1 Die Xitsongasprekende kerke het nie hulle eie liedboek nie. Hulle maak gebruik van die Presbyterian Kerk se liedboek. Die liedere is aanvaar as in lyn met die Reformatoriese geloof. Tog sou dit goed wees, indien die Xitsongasprekende kerke in die GKSA hulle eie liedboek kan hê.</p> <p>1.9 <i>Engels</i></p> <p>1.9.1 Daar is 'n verskil in die konteks van die verskillende kerke waar Engels in eredienste gebruik word (bv Potchefstroom-Die Bult en Bellville).</p> <p>1.9.2 Die probleem is om liedere te kies weens die groot verskeidenheid liedboeke en liedere wat beskikbaar is.</p> <p>1.9.3 Sommige kerke se lidmate praat verskillende moedertale. Verder</p>	<p>of each song.</p> <p>1.5.6 As is the case with the Sesotho-speaking churches most church members speak different languages. A number of churches are located in areas with a range of different languages, making English the best language to ensure understanding. This is especially the case in areas where people from neighbouring countries, like Zimbabwe and Mozambique and other countries, live. This is creating the need for English songs.</p> <p>1.6 <i>Sepedi</i></p> <p>1.6.1 The situation of the Sepedi-speaking churches is very much the same as the Sesotho- and Setswana-speaking churches.</p> <p>1.7 <i>Tshivenda</i></p> <p>1.7.1 The Tshivenda Deputies combined songs from the Lutheran Hymnal, Lifela tsa Sione, Hosanna, Depesaleme, etc. to compile one book.</p> <p>1.7.2 The copyright of the Lutheran Hymnal lapsed – being older than 50 years.</p> <p>1.7.3 The Deputies (especially) reviewed the Scriptural soundness of the songs during the selection of the songs.</p> <p>1.7.4 As a result of this work by the Deputies, a hymn book is ready to be published for the Tshivenda-speaking churches.</p> <p>1.8 <i>Xitsonga</i></p> <p>1.8.1 The Xitsonga-speaking churches do have not their own hymnbook and make use of the Presbyterian Church hymnbook, since the songs are deemed to be in line with the Reformed faith. It is at this stage unclear, in terms of its classification, exactly how many Psalms it contains. Hence, there is a desire for the Reformed Church to have their own hymnbook for use during worship services.</p> <p>1.9 <i>English</i></p> <p>1.9.1 There is a difference in context between the different churches in this group (for example, between the Potchefstroom-Bult and the Bellville).</p> <p>1.9.2 The large variety of songs available makes selecting songs difficult.</p> <p>1.9.3 Some members speak different languages. A number of churches are</p>
---	---

<p>bestaan sommige kerke se bedieningsveld uit gebiede waar soveel verskillende tale gepraat word, sodat Engels die enigste taal is waarin mense mekaar kan verstaan. Daar ontstaan dus 'n al groter behoefte aan Engelse liedere.</p> <p>1.9.4 Die Sinode het tot dusver nog net enkele Engelse liedere oorweeg wat geskik is om in die kerke te sing.</p> <p>1.9.5 Een moontlikheid is om Deputate aan te wys wat Engelse liedere moet beoordeel. 'n Ander moontlikheid is om 'n liedboek van 'n susterkerk te gebruik. Dan hoef dit nie beoordeel te word nie, aangesien die susterkerk dit reeds gedoen het.</p> <p>1.10 <i>Algemeen</i></p> <p>1.10.1 Die saak van liedboeke in verskillende tale is nie 'n eenvoudige saak nie.</p> <p>1.10.2 Die kwessie van beperkte fondse om liedboeke te kan druk, is 'n groot probleem.</p> <p>1.10.3 Daar ontstaan al meer 'n behoefte om liedere elektronies beskikbaar te hê, onder andere deur middel van 'n toepassing vir selfone. Daar is egter nog lidmate, veral diegene wat nie geskikte selfone en ander elektroniese middele het nie, wat die behoefte het aan 'n gedrukte liedboek.</p> <p>2. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>2.1 <i>Dat Deputate Liturgiese Sake vir die isiXhosasprekende kerke aangewys word met die volgende opdrag</i></p> <p>2.1.1 Om die werk om ander Skrifgetroue liedere by die isiXhosa Psalmboek by te voeg, af te handel.</p> <p>2.1.2 Om die teks van die Psalmboek <u>“Incwadi Yeendumiso Nenkqubo-Nkonzo”</u> aan die Deputate Publikasies te voorsien en om saam met die Deputate Publikasies te werk om die boek te publiseer.</p> <p>2.1.3 Om die teks vir 'n toepassing vir fone aan die Deputate Publikasies te voorsien en om saam met die Deputate Publikasies te werk aan die ontwikkeling van 'n toepassing vir fone.</p> <p>2.2 <i>Dat Deputate Liturgiese Sake vir die isiZulusprekende kerke aangewys word</i></p>	<p>located in areas with a range of different languages, making English the best language to ensure understanding. This is especially the case in areas where people from neighbouring countries, like Zimbabwe and Mozambique and other countries, live. This creates the need for English songs.</p> <p>1.9.4 The Synod has to date only considered a few English songs fit for singing in our churches.</p> <p>1.9.5 A possible solution would be to appoint Deputies to adjudicate English songs or to make use the hymnal of a sister church which would make adjudication unnecessary having already been reviewed by the sister church.</p> <p>1.10 <i>General</i></p> <p>1.10.1 The matter of hymnbooks in different languages is not a simple matter.</p> <p>1.10.2 The limited funds to publish hymnbooks is a big problem.</p> <p>1.10.3 The wish for songs in electronic form (for instance an app for phones) is on the rise, but the need for hardcopies remain – especially for members who do not have suitable cell phones and other electronic means.</p> <p>2. Matters that the Synod decide on</p> <p>2.1 <i>Deputies: Liturgical Affairs for the isiXhosa speaking-churches are to be appointed to</i></p> <p>2.1.1 complete the adding of Scriptural songs to the isiXhosa Psalm-book;</p> <p>2.1.2 provide the text of the Psalm-book <u>“Incwadi Yeendumiso Nenkqubo-Nkonzo”</u> to the Deputies: Publications and to work with them to publish this book; and</p> <p>2.1.3 provide the text for an app for phones to the Deputies: Publications and to work with them to develop an app.</p> <p>2.2 <i>Deputies: Liturgical Affairs for the isiZulu-speaking churches are to be appointed to</i></p>
--	---

<p><i>met die volgende opdrag</i></p> <p>2.2.1 Om die 3de (hersiene) uitgawe van die <i>iMbongi</i> te voltooi.</p> <p>2.2.2 Om die teks van die 3de (hersiene) uitgawe van die <i>iMbongi</i> aan die Deputate Publikasies te voorsien en om saam met die Deputate Publikasies te werk om die 3de (hersiene) uitgawe van die <i>iMbongi</i> te publiseer.</p> <p>2.2.3 Om die teks vir 'n toepassing vir fone aan die Deputate Publikasies te voorsien en om saam met die Deputate Publikasies te werk aan die ontwikkeling van 'n toepassing vir fone.</p> <p>2.3 <i>Dat Deputate Liturgiese Sake vir die Sesothosprekende kerke aangewys word met die volgende opdrag</i></p> <p>2.3.1 Om die Psalms wat in Sesotho vertaal is, van geskikte melodieë te voorsien.</p> <p>2.3.2 Om aandag te gee aan hoe die gebruik van die Psalms in die Sesothosprekende kerke bevorder kan word.</p> <p>2.3.3 Om 'n geskikte samestelling uit die Psalms en die <i>Lifela tsa Sione</i> liedere te maak (kyk 1.4.6 hierbo).</p> <p>2.3.4 Om saam met die Deputate Publikasies te werk, indien 'n liedboek vir die Sesothosprekende kerke uitgegee moet word.</p> <p>2.3.5 Om, met inagneming van die werk wat die Afrikaanssprekende Deputate reeds gedoen het, aandag te gee aan die rubrisering van die Psalms.</p> <p>2.3.6 Om ten opsigte van die <i>Lifela tsa Sione</i> liedere aan te toon waar dit uit die Skrif kom.</p> <p>2.3.7 Om die teks vir 'n toepassing vir fone aan die Deputate Publikasies te voorsien en om saam met die Deputate Publikasies te werk aan die ontwikkeling van 'n toepassing vir fone.</p> <p>2.4 <i>Dat Deputate Liturgiese Sake vir die Setswanasprekende kerke aangewys word met die volgende opdrag</i></p> <p>2.4.1 Om die Psalms wat in Setswana vertaal is, van geskikte melodieë te voorsien.</p> <p>2.4.2 Om aandag te gee aan hoe die gebruik van die Psalms in die Setswanasprekende kerke bevorder kan word.</p> <p>2.4.3 Om die teks van die samestelling wat uit die Psalms in Setswana, die <i>Lifela tsa Sione</i>, die <i>Dikopelo</i> (Lutherse boek) en die <i>Serolong</i> (Methodist) gemaak is, aan die Deputate Publi-</p>	<p>2.2.1 complete the 3rd (revised) edition of the <i>iMbongi</i>;</p> <p>2.2.2 provide the text of the 3rd (revised) edition of the <i>iMbongi</i> to the Deputies: Publications and work with the them to publish it; and</p> <p>2.2.3 provide the text for an app for phones to the Deputies: Publications and to work with them to develop an app.</p> <p>2.3 <i>Deputies: Liturgical Affairs for the Sesotho-speaking churches are to be appointed to</i></p> <p>2.3.1 provide the Psalms translated in Sesotho with suitable melodies;</p> <p>2.3.2 explore how the singing of Psalms can be enhanced in Sesotho-speaking churches;</p> <p>2.3.3 make a suitable compilation of the Psalms and the <i>Lifela tsa Sione</i> songs (see 1.4.6 above);</p> <p>2.3.4 work with the Deputies: Publications should a hymnbook for the Sesotho-speaking churches need to be published;</p> <p>2.3.5 attend to the categorising of the Psalms, with due observance of the work already done by the Afrikaans-speaking Deputies;</p> <p>2.3.6 indicate the Scripture text of each song in the <i>Lifela tsa Sione</i>; and</p> <p>2.3.7 provide the text for an app for phones to the Deputies: Publications and to work with them to develop an app.</p> <p>2.4 <i>Deputies: Liturgical Affairs for the Setswana-speaking churches are to be appointed to</i></p> <p>2.4.1 provide the Psalms translated in Setswana with suitable melodies;</p> <p>2.4.2 explore how the singing of Psalms can be enhanced in Setswana-speaking churches;</p> <p>2.4.3 provide the text of the compilation made of the <i>Lifela tsa Sione</i>, the <i>Dikopelo</i> (Lutheran book) and the <i>Serolong</i> (Methodist) to the Deputies: Publications and work with them to publish this</p>
---	---

<p>kasies te voorsien en om saam met die Deputate Publikasies te werk om 'n nuwe liedboek vir die Setswana-sprekende kerke te publiseer.</p> <p>2.4.4 Om, met inagneming van die werk wat die Afrikaanssprekende Deputate reeds gedoen het, aandag te gee aan die rubrisering van die Psalms.</p> <p>2.4.5 Om die teks vir 'n toepassing vir fone aan die Deputate Publikasies te voorsien en om saam met die Deputate Publikasies te werk aan die ontwikkeling van 'n toepassing vir fone.</p> <p>2.5 <i>Dat Deputate Liturgiese Sake vir die Tshivendasprekende kerke aangewys word met die volgende opdrag</i></p> <p>2.5.1 Om die teks van die liedere, wat uit die Lutheran Hymnal, Lifela, Hosanna, Depesaleme, geneem is om een boek saam te stel, aan die Deputate Publikasies te voorsien en om saam met die Deputate Publikasies te werk om 'n nuwe liedboek vir die Tshivendasprekende kerke te publiseer.</p> <p>2.5.2 Om die teks vir 'n toepassing vir fone aan die Deputate Publikasies te voorsien en om saam met die Deputate Publikasies te werk aan die ontwikkeling van 'n toepassing vir fone.</p> <p>2.6 Dat Deputate bestaande uit drie lede aangewys word om koördinerings tussen die Deputate van die verskillende tale te doen.</p>	<p>compilation;</p> <p>2.4.4 attend to the categorising of the Psalms, with due observance of the work already done by the Afrikaans-speaking Deputies; and</p> <p>2.4.5 provide the text for an app for phones to the Deputies: Publications and to work with them to develop an app.</p> <p>2.5 <i>Deputies: Liturgical Affairs for the Tshivenda-speaking churches are to be appointed to</i></p> <p>2.5.1 provide the text of the songs taken from the Lutheran Hymnal, Lifela tsa Sione, Hosanna, Depesaleme, etc. to compile one book to the Deputies Publications and work with them to publish a new hymnbook for the Tshivenda-speaking churches.</p> <p>2.5.2 provide the text for an app for phones to the Deputies: Publications and to work with them to develop an app.</p> <p>2.6 A Deputy group of three members is to be appointed to co-ordinate the Deputies of the different language groups.</p>
---	---

Toeligter:

Elucidator: